

**SONDAG: 35**

**VRAAG EN ANTWOORD: 97**

|  | Teks | 1933/53-vertaling    | 1983/91-vertaling  |
|--|------|----------------------|--|
| <b>Vraag: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?</b>  |      |                      |  |
| Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.   | 1    | Jesaja 40:25         | By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige.  |
| Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien | 2    | Eksodus 23:24        | Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal afbreek en hulle klippilare kort en klein slaan.   |
|  |      | Eksodus 34:13-17     | Maar hulle altare moet julle omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme afkap. Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want die HERE se Naam is Jaloers—'n jaloerse God is Hy. Sluit tog nie 'n verbond met die inwoner van die land nie! As hulle agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer, sal hy jou uitnooi, en jy sal van sy offer eet; en jy sal van sy dogters neem vir jou seuns, en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer. Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie. |
|  |      | Numeri 33:52         | moet julle al die bewoners van die land voor julle uit verdrywe en hulle beeldhouwerk verniel; ook moet julle al hulle gegote beelde verniel en al hulle hoogtes verwoes.  |
|  |      | Deuteronomium 12:3-4 | En julle moet hulle altare omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam van dié plek laat verdwyn. So mag julle nie doen met die HERE julle God nie;  |
|  |      |                      |  |